**Dinsdag 7 Junie**

**Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11; HK Sondag 14, Antwoord 35**
**Fokusgedeelte: Filippense 2:7**

## Die Seun van God se menswording

Toe die engel aan Maria verskyn het, het hy aan haar gesê dat sy aan 'n Seun geboorte sal gee en dat Hy die *Seun van God* en tegelykertyd ook *'n afstammeling van Dawid* sou wees (Luk. 1:32). Hy sal dus die Seun van God én die Seun van 'n mens wees. Dit het inderdaad gebeur omdat die Seun van God 'n menslike natuur *aangeneem het*. Hierdie uitspraak is veral gebaseer op wat Paulus in Filippense 2:6, 7 geskryf het: "*Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf* ***aan te neem*** *en aan die mense gelyk geword.*"

Wat bedoel word as ons belydenis sê dat die Seun van God 'n menslike natuur aangeneem het, verstaan ons beter as ons die woord *aanneem* teenoor die woord *verander* plaas. Die Seun van God het by sy menswording nie in 'n mens verander nie, want God kan nooit verander nie (Mal. 3:6). Hy wat ware God is en bly, het toe 'n menslike natuur aangeneem. In sy menswording het Hy dus gebly wat Hy was, naamlik God, maar Hy het geword wat Hy nie was nie, naamlik 'n mens. Dit is die geheim of misterie van die menswording van die Woord (1 Tim. 3:16).

Ons kan sy aanneming van die menslike natuur verduidelik deur te verwys na die geleentheid toe Jesus sy dissipels se voete gewas het. Christus wat hulle Here en Meester was, het van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en soos 'n dienskneg 'n handdoek geneem, om Hom vasgemaak en begin om sy dissipels se voete te was (Joh. 13:1-17). Dit is 'n besonder treffende beeld van die Seun van God wat op die tyd wat God daarvoor bepaal het, sy ligkleed van heerlikheid uitgetrek het en die kleed van die verswakte menslike natuur aangetrek het om as dienskneg sy gemeente te dien. Tog, al het Hy van "klere" verwissel en as dienskneg onder sy mense gewoon, het Hy God gebly, aanbiddingswaardig tot in ewigheid. Soms het sy Godheid ook duidelik deur die omhulsel van sy mensheid deurgeskyn, soos toe Hy wonders gedoen het en toe Hy by die verheerliking op die berg van gedaante verander het. Dit is wat Johannes (1:14) ook duidelik wil stel as hy sê: "*Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het ...*"

Alleen as ons daaraan vashou dat Jesus in sy menswording ware God gewees en gebly het, kan ons verstaan dat dit vir Hom moontlik was om met goddelike mag en outoriteit aan die sondaar te sê: "*Jou sondes is vergewe*" (Mark. 2:5).